**Leningsooreenkoms**
**Voorooreenkomsverklaring**
*ingevolge afdeling 92 van die Nasionale Kredietwet Nr 34 van 2005*

U **moet** die openbaarmakings van die Voorooreenkomsverklaring verstaan voordat u enige spesifieke bepalings in u **Kwotasie** aanvaar.

**Deur om 'n lening aansoek te doen, bevestig u dat:**

- Dat u nie aansoek gedoen het om of tans onder administrasie, voorlopige of finale sekwestrasie, of skuldhersiening is nie;
- U nie tans oorverskuldig is nie;
- U nie finansiële probleme ondervind nie;
- 'n Hof u nie geestelik onbevoeg verklaar het nie;
- Dat u nie sedert u die eerste maal by die Kredietverskaffer om hierdie lening aansoek gedoen het nog geld geleen of verdere krediet aanvaar het nie
- Alle inligting wat verskaf word waar en korrek is:
- Indien u binne gemeenskap van goedere, of ingevolge gewoonte- of stamreg getroud is, dit u verantwoordelikheid en plig is om u gade se geskrewe toestemming, onderteken deur twee getuies, te bekom om hierdie ooreenkoms aan te gaan en dat u sorg dat hierdie geskrewe toestemming bewaar word en , op versoek van die kredietverskaffer, te eniger tyd beskikbaar is;
- Indien u gade nie toestemming gegee het nie, u verstaan dat die kredietverskaffer 'n klag van bedrog teen u kan lê, regstappe kan neem, die ooreenkoms kan bekragtig deur u gade te vra om die vereiste toestemming te gee, u alleenlik verantwoordelik kan hou ingevolge hierdie ooreenkoms en/of kan voortgaan met 'n eis van onregmatige verryking en/of restitusie uit die gesamentlike boedel;
- U nie hierdie ooreenkoms in stryd met die wet aangegaan het nie, en die kredietverskaffer redelikerwys opgetree het om navraag te doen of u u gade se toestemming bekom het, en vervolgens vertroue daarin kan hê

U bevestig voorts dat daar gedurende die aansoek van u vereis sal word om toestemming aan die FirstRand Group (soos uiteengesit in FirstRand se privaatheidskennisgewing op ons webtuiste) te gee om:

- U inligting van derdeparty-kwalifikasiedatavoorsieners te bekom en te gebruik om deurentyd u geskiktheid vir en die toepaslikheid van die volgehoue voorsiening van hierdie ooreenkoms aan u te bepaal.
- Inligting oor u te mag bekom en te deel met die Suid-Afrikaanse bedrogvoorkomingsdienste vir die bespeuring, voorkoming en vervolging van finansiële misdaad, of indien ons redelikerwys glo dat u vals en/of misleidende inligting en/of dokumente aan ons verskaf het.

Let asseblief daarop dat, indien u hierdie toestemming terughou of terugtrek, dit u leningsaansoek of voortgesette gebruik van hierdie lening kan beïnvloed.

---

**Definisies**

**In hierdie Ooreenkoms het die volgende woorde die betekenis wat in hierdie definisiekousule uiteengesit word.**

**"Wet"** beteken die Nasionale Kredietwet 34 van 2005, soos gewysig van tyd tot tyd.

**"Ooreenkoms"** beteken u leningsooreenkoms met die Kredietverskaffer wat hetsy deur elektroniese kanale of andersins in geskrewe of mondelingse vorm aangeteken en aangegaan is en wat die volgende insluit:

- hierdie Voorooreenkomsverklaring, Kwotasie en Algemene Bepalings en voorwaardes

**"Jaarlikse rentekoers"** is die vaste jaarlikse rentekoers wat u moet betaal op enige bedrag van die totale Leningsbedrag wat u nog ingevolge die Ooreenkoms verskuldig is (die uitstaande saldo).

**"Kredietkosteveelvoud"** beteken die totale koste van krediet gedeel deur die leningsbedrag.

**"Kredietverskaffer"** is FirstRand Bank Limited, maatskappyregistrasienommer 1929/001225/06, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer met registrasienommer

NCRCP20. Die gekose adres daarvan vir regsdokumente is 4de verdieping, Merchant Place 4, Fredmanrylaan 1, Sandton, 2196.

**“DebiCheck”** verwys na die meganisme waarmee u debietordermandaat elektronies deur aanlyn banksake by ’n OTM, op ’n selfoon (USSD), ens. bekragtig word. ’n Mandaat beteken ’n geskrewe, verbale of elektroniese magtiging wat u gee wat die kredietverskaffer toelaat om u bankrekening te debiteer.

**“Direct Axis SA (Pty) Ltd”,** maatskappyregistrasienommer 1995/006077/07, ’n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste wat die kredietlewensversekeringspolis aanbied. Die gekose adres daarvan vir regsdokumente is De Waalstraat 108, Dieprivier, 7800.

**“Algemene Bepalings en voorwaardes” ”** verwys na die bepalings wat u sal ontvang voordat die Ooreenkoms gesluit word en wat saam met die verklaring van voorafooreenkoms en die Kwotasie die Ooreenkoms uitmaak.

**"Leningsbedrag"** is enige leningsbedrag wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aan u betaal word, waarop rente bereken word.

**"Verliesbegunstigde"** beteken die kredietverskaffer wat ingevolge ’n Kredietlewensversekeringspolis genomineer is wat op hierdie Ooreenkoms van toepassing is.

**"Persoonlike- /Kliëntbeskermingsplan"** of die "**Plan"** is die kredietlewensversekeringspolis wat deur die versekeraar aangebied en onderskryf word soos in jou kredietlewensversekeringspolis gespesifiseer word.

**"Voorooreenkomsverklaring"** verwys na die bepaling in hierdie dokument uiteengesit, soos vereis deur die wet.

**"Kwotasie"** beteken die kwotasie wat ingevolge die Wet verskaf word wat die koste van krediet uiteensit en ander inligting wat ingevolge die Wet vereis word.

**“Totale koste van krediet”** beteken die Leningsbedrag, alle heffings, rente en kredietlewensversekering (indien van toepassing) wat op die Ooreenkoms van toepassing is en ingevolge die Wet gehef word.

**"u"** beteken die persoon wat die Ooreenkoms met die Kredietverskaffer aangaan.

### 1. Kwotasies

Indien u aansoek suksesvol is, sal u kragtens due Wet ‘n Kwotasie ontvang met all die kostes en ander leningsinligtinf wat spesifiek vir u geld.

Kragtens die wet geld kwotasies vir 5 (vyf) werksdae (wat Saterdae, Sondae en amptelike openbare vakansie dae uitsluit) ná die datum waarop die Kwotasie verskaf is. Sodra dit aanvaar is, is die Ooreenkoms onderhewig aan die ontvangs van die vereiste dokumente. Dit kan bewys van u identiteit, woonadres en inkomste insluit, asook bewys van betaling van die inisiëringsfooi en bewys van n’ kredietlewensversekeringspolis. Die Kredietverskaffer sal nie die Leningsbedrag betaal voordat dit die dokumente ontvang en geverifieer het nie. Indien hierdie dokumente nie ontvang en geverifieer word binne die 5 (vyf) werksdae ná die datum waarop die Kwotasie aangebied is nie, of indien die dokumente nie die inligting weerspieël wat met die aansoek verskaf is nie of dit nie as geskik of voldoende geag word nie, mag die Kredietverskaffer u Kwotasie terugtrek of herbereken.

### 2. Kostes van krediet

**U moet die volgende kostes van krediet betaal:**

- **Rente** teen die vaste jaarlikse rentekoers wat in die Kwotasie uiteengesit word. Dit word daagliks bereken en elke maand op u gekose betalingsdatum by die totale leningsbedrag gevoeg. Die rentekoers wat op agterstallige bedrae gehef word, sal nooit die rentekoers oorskry wat op die totale leningsbedrag gehef word nie.

- **Inisiëringsfooi** vir die kostes van die opstel van ’n nuwe Ooreenkoms, wat u:
    - vooraf kan betaal en die bewys lewer voordat die Leningsbedrag uitbetaal word: of
    - by die totale leningsbedrag kan insluit en waarop rente gehef sal word..

- **Diensgeld,** wat ’n maandelikse heffing is vir die bestuur van u Ooreenkoms. Indien u die Ooreenkoms gedurende die maand aangaan sal ’n pro rata-heffing (slegs die relevante deel van daardie kalendermaand) geld. Die maandelikse heffing sal by die totale leningsbedrag gevoeg word. Die diensgeld sal nooit die

maksimum wat kragtens die Wet gehef mag word, oorskry nie (hierdie diensgeld kan van tyd tot tyd verander word indien die Wet gewysig word). Indien die diensgeld verhoog word, sal u minstens 5 (vyf) werksdae vooraf skriftelik daarvan in kennis gestel word.

- **Premies** vir enige persoonlike - of kliëntbeskermingsplan wat u besluit om uit te neem en wat maandeliks gehef word.

**3. Debietorder Mandaat**

U debietordermagtiging is ingesluit by u ooreenkoms wat aan u gestuur sal word. U sal ook 'n kennisgewing voor u eerste debietorderaftrekking ontvang. Hierdie kennisgewing sal die gelde wat gehef sal word ingevolge u betalingsmagtiging uiteensit.

- Die Kredietverskaffer kan DebiCheck-mandaat met 'n maksimum invorderingsbedrag van 1.5 maal u paaiementbedrag gebruik. Indien u 'n DebiCheck-mandaathet, stem u daartoe in en magtig u die Kredietverskaffer om tot soveel as die maksimum-invorderingsbedrag in die volgende gevalle af te trek:
  - Indien u paaiementbedrag verander as gevolg van 'n verandering in u totale koste van krediet: of
  - Sodat die Kredietverskaffer enige agterstallige geld kan invorder wat deur u verskuldig is.

U stem verder tot die volgende in:

- Dat u maandelikse paaiement betaal sal word kragtens hierdie debietordermandaat deur u verskaf. U magtig die Kredietverskaffer om betalings af te trek van die rekening waarin u inkomste betaal word;
- Dat die aftrekking sal geskied op dieselfde dag as wat u salaris betaal word en dat dit u aftrekkingsdatum sal wees:
- Dat indien die datum van u salarisbetaling verander, u instem dat ons u aftrekkingsdatum mag verander om altyd dieselfde as u salarisdatum te wees;
- Ons sal die maandelikse paaiement vanaf u bankrekening verhaal op die aftrekkingsdatum, onderhewig aan die ooreenkoms wat ingevolge hierdie betalingstoestemming gesluit word. Let egter asseblief daarop dat u verpligting om die maandelikse paaiement te betaal 17 (sewentien) dae voor die aftrekkingsdatum intree. U stem in dat die kredietvoorsiener u paaiement op of ná hierdie datum waarop die verpligting intree, mag insamel.
- Indien ons of u bank nie daarin slaag om u aftrekkingsdatum te verander nie, en u aftrekkingsdatum op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, mag ons of u bank die betaling op die volgende werksdag verwerk; en
- Dat indien u rekening onvoldoende geld in het, ons of u bank u rekening mag nagaan en verskuldigde betalings mag aftrek (wat die paaiement en agterstallige of uitstaande bedrae insluit) sodra geld beskikbaar is.

**4. Kredietlewensversekering**

Die Kredietverskaffer vereis van u om kredietlewensversekering te hê wat altyd u verskuldigde verpligtinge kragtens die Ooreenkoms dek, en om kragtens die polis as die "Verliesbegunstigde" genomineer te word.

U het die reg om die plan wat aangebied word van die hand te wys en om dit met 'n ekwivalente kredietlewensversekeringspolis van u keuse te vervang. In so 'n geval vereis die Kredietverskaffer dokumentêre bewys van die bestaan van hierdie dekking, die besonderhede daarvan en dat die Kredietverskaffer kragtens die polis as 'n verliesbegunstigde tot die vereffeningswaarde van die Ooreenkoms benoem word (soos volgens Vorm 23 van die Wet). Die Leningsbedrag sal nie uitbetaal word totdat die Kredietverskaffer die bewys van bogenoemde ontvang het en daarmee tevrede is nie.

U bevestig dat u 'n vrye keuse in verband met die polis, die versekeraar en die makelaar of tussenganger gehad het, en dat u hierdie keuse uitgeoefen het sonder dat u daartoe gedwing of onregmatig daartoe oorreed was.

U erken en stem in dat die Kredietverskaffer enige onbetaalde kredietlewensversekeringpremies namens hierdie Ooreenkoms mag betaal en sodanige betalings van u herstel. Rente op sulke betalings kan ook gehef word. Die Kredietverskaffer sal u in kennis stel wanneer die Plan en alle dekking beëindig is en nie weer ingestel kan word nie. Alle betalings wat ontvang word nadat die plan beëindig is, sal aan u Ooreenkoms toegeken word.

**5. Onttrekking van bemarking**

U het die reg om uitgesluit te word van enige:

- bemarkingsoproepe (telebemarking) deur of namens die kredietverskaffer;
- bemarking of kliëntelyste wat deur die kredietverskaffer verkoop of gedeel word of
- massa-e-posse of -SMS-boodskappe wat deur of namens die kredietverskaffer gestuur word.

U kan bogenoemde regte uitoefen gedurende die aansoekproses of enige ander tyd deur kliëntediens by 0217643404 te skakel, of deur 'n e-pos na customerservice@directaxis.co.za te stuur.

**6. Rekeningstaat**

Tensy anders ooreengekom, sal 'n kwartaallikse rekeningstaat na die e-posadres of posadres gestuur word wat u gekies het as die adres waar u state wil ontvang.

**Leningsooreenkoms**
**Algemene Bepalings en voorwaardes**

**U moet die algemene bepalings en voorwaardes saam met u kwotasie en verklaring van voorafooreenkoms lees.**

***U aansoekinligting, die kwotasie, die verklaring van voorafooreenkoms, Algemene Bepalings en voorwaardes en enige daaropvolgende bevestigende SMS of MMS of telefoonoproep oor die koste van krediet vorm die hele Ooreenkoms tussen u en die Kredietverskaffer. Indien u die kredietlewensversekering aanvaar het wat aangebied word, vorm die betrokke versekeringspolis ook deel van die rekord van die Ooreenkoms. Geen veranderings mag aan die Ooreenkoms aangebring word nie, tensy skriftelik of verbaal (stemopname en op skrif bevestig) op daardie veranderings ooreengekom word of tensy die Wet dit toelaat.***

## 1. Ander kostes van krediet

**Kostes vir wanbetaling en invordering** mag gehef word wanneer u enige verskuldigde bedrag nie betyds betaal nie. Kostes vir wanbetaling en invordering sluit enige administrasie-, regs- en/of invorderingskostes en -kommissies in wat 'n skuldinvorderingsmaatskappy of prokureur kragtens die betrokke wetgewing mag hef.

## 2. Verdere betalingsreëlings en toewysing van u paaiemente

U betalings gaan eerstens vir (1) rente, dan (2) enige gelde/heffings en dan (3) die afbetaling van die Leningsbedrag.

U stem verder tot die volgende in:

- Dat u die Kredietverskaffer sal inlig indien u bankrekeningbesonderhede verander;
- Dat u die debietordermandaat mag kanselleer, maar dat die Ooreenkoms en verpligtinge sal voortbestaan;
- Dat ons of die bank u betalingsinstruksie sonder enige verdere koste vir u weer kan voorlê aan u bank om seker te maak dat u altyd u betalingsverpligtinge nakom. Hierdie herberekende betaling sal afsonderlik maar bykomend tot u huidige betaling wees;
- Dat bedrae wat kragtens die debietordermandaat uit die rekening verhaal is, nie teruggeëis kan word indien sodanige bedrae wetlik aan die Kredietverskaffer geskuld is nie;
- dat die Kredietverskaffer die verskuldigde bedrae (paaiemente, rente, gelde, heffings en agterstallige bedrae) van u bankrekening kan aftrek totdat hierdie kredietooreenkoms ten volle vereffen is: en
- dat die Kredietverskaffer die reg voorbehou om u te verplig om die DebiCheck-mandaat te verifieer wat u bank aan u gestuur het, sodat betalings van u bankrekening afgetrek kan word. Die verifikasie en magtiging is nodig voordat u lening uitbetaal word, of deur die loop van die Ooreenkoms. Indien u nie die mandaat magtig nie, mag u lening dalk nie uitbetaal word nie.

Indien ons toegelaat word om die debietorder te verander, of u bankrekening na te gaan om te bepaal wanneer geld beskikbaar is, kan ons dalk wanbetaling op u Ooreenkoms voorkom. Wanbetaling kan tot regsoptrede teen of negatiewe kredietburo-inskrywings oor u lei.

## 3. Verdere inligting rakende die kredietlewensversekering

Weens die aard van die plan en die feit dat dit slegs op die ooreenkoms van toepassing is, het Direct Axis SA (Edms.) Bpk. die wesenlike risiko en aanspreeklikhede van die ooreenkoms, asook die kans dat die voorvalle gelyktydig plaasvind, in oorweging gebring. In hierdie verband sal 'n plan wat gebaseer is op u werkstatus en die voordele (bv. dood, ongeskiktheid, aflegging, verlies van inkomste of onvermoë om 'n inkomste te verdien) wat u kan eis. Die plan verskaf dekking om die verskuldigde saldo van die leningsbedrag te vereffen en verskaf beperkte dekking teen aflegging, verlies aan inkomste of onvermoë om 'n inkomste te verdien (waar van toepassing). U dekking begin op die datum wanneer die leningsbedrag betaal is. Indien u 'n betaling mis, sal u in kennis gestel word dat u dekking kan verval.

Die maandelikse premies mag jaarliks hersien word. Die versekeraar sal u 31 (een-en-dertig) dae voor die premieverandering in kennis stel.

Let wel: Die versekeraar het 'n ooreenkoms met Direct Axis SA (Edms.) Bpk. aangegaan wat Direct Axis SA (Edms.) Bpk bemagtig om kredietlewensversekering namens hulle te verkoop. In hierdie verband ontvang Direct Axis SA (Edms.) Bpk. 'n persentasie van die jaarlikse premie-inkomste as fooi vir die dienste.

Die bepalings, standaarduitsluitings, wagtydperke en voordele van u kredietlewensversekering en die kontakbesonderhede van die versekeraars word in u polisdokument en/ of die bepalings en voorwaardes uiteengesit. Lees die dokumente sorgvuldig deur.

**4. Konsolideringslening**

Waar hierdie Ooreenkoms bedoel word as ‘n ooreenkoms waarkragtens sekere van u bestaande krediet-ooreenkomste deur hierdie Ooreenkoms vereffen en afgesluit word. (“Konsolideringsleningsooreenkoms”), erken en bevestig u die volgende

- Dat u die Kredietverskaffer versoek het om die opbrengste van u Konsolideringsleningsooreenkoms aan te wend om sekere van u bestaande rekenings, soos deur u gespesifiseer, te vereffen;
- Dat die Kredietverskaffer u bestaande krediteure sal aansê om sodanige rekeninge te sluit en om enige kredietfasiliteit te beëindig wat kragtens enige sodanige ooreenkoms mag bestaan en u is egter verantwoordelik is om te verseker dat daardie rekenings wel gesluit is en dat die fasiliteite nie verder gebruik word nie;
- Dat indien die beskikbare bedrag vir betaling onvoldoende is om enige rekening te vereffen, u enige tekort regstreeks aan u bestaande krediteure sal betaal en met u bestaande krediteure sal skakel om seker te maak die rekening is daarna gesluit en enige kredietfasiliteit op die rekening is beëindig;
- Dat u vanaf die datum van hierdie Ooreenkoms nie enige verdere skuld op enige kredietfasiliteit sal aangaan wat u in enige van die gespesifiseerde rekenings mag hê nie, selfs al het u bestaande krediteure nie die fasiliteit beëindig nie: en
- Dat u verpligting om alle bedrae te betaal wat kragtens hierdie Ooreenkoms geskuld word, nie geraak sal word deur enige optrede of nalatigheid deur enige van u bestaande krediteure nie.

U stem verder in dat die Kredietverskaffer nie vir die volgende aanspreeklik sal wees nie:

- Enige eise, verlies, skade of aanspreeklikheid wat deur u aangegaan word voortspruitend uit enige bedrieglike, ongemagtigde of verkeerde transaksie, betalingsinstruksie, omswaai, fout of korreksie wat deur u bestaande krediteur in die konsolideringsleningsooreenkoms gelys, gemaak is;
- Enige oorsaak of gebeurtenis in verband met die konsolideringsleningsooreenkoms wat buite die redelike beheer van die Kredietverskaffer is: en
- Enige onregstreekse, gevolglike of toevallige verlies, skade of aanspreeklikheid wat onder hoegenaamd enige omstandighede gely of aangegaan is in verband met dienste of produkte wat deur u bestaande krediteur soos in die konsolideringsleningsooreenkoms gelys, gelewer word.

**5. Vroeë betaling word sonder penalisering toegelaat**

U mag enige bedrag betaal wat u kragtens die Ooreenkoms skuld, selfs al is dit voor die datum waarop die betaling verskuldig is. Die Kredietverskaffer sal elke betaling wat kragtens die Ooreenkoms gemaak is soos volg krediteer: (1) verskuldigde en onbetaalde rente, dan (2) enige verskuldigde of onbetaalde gelde of heffings en dan (3) die Leningsbedrag. Vroeë betalings wat gemaak en toegewys is, sal nie terugbetaal word nie

**6. Vroeë vereffening van die hele bedrag word toegelaat**

Indien u die hele verskuldigde bedrag kragtens die Ooreenkoms wil betaal, moet u ’n vereffeningsbedrag aanvra. Die vereffeningsbedrag word saamgestel uit die onbetaalde saldo van u Leningsbedrag, onbetaalde rente, plus ander gelde en heffings wat tot die datum van vereffening betaalbaar is. Die Kredietverskaffer sal die vereffeningsbedrag binne 5 (vyf) werksdae vanaf die datum waarop u die vereffeningskwotasie aangevra het, gratis aan u verskaf. Die vereffeningskwotasie kan persoonlik, per e-pos, telefoon of ander vorm van elektroniese kommunikasie aan u verskaf word. Die gekwoteerde vereffeningsbedrag moet binne 5 (vyf) werksdae vanaf die datum waarop dit verskaf is, betaal word. Indien u nie die vereffeningsbedrag binne 5 (vyf) werksdae betaal nie, sal die kwotasie nie meer geldig wees nie. Die Ooreenkoms sal soos gewoonlik voortbestaan en u sal ’n nuwe vereffeningsbedrag moet verkry indien u steeds u lening vroeg wil afbetaal.

**7. Wanbetaling**

Indien u enigiets doen of nalaat om te doen, of enigiets toelaat wat die Kredietverskaffer se regte aantas of enige verlies kragtens die Ooreenkoms veroorsaak, word dit onmiddellik ’n wanbetaling kragtens die Ooreenkoms. Dit sluit in as u laat betaal, of nie in ooreenstemming met die Ooreenkoms betaal nie.

Indien enige betaling laat is en nie op die aftrekkingsdatum ontvang word nie, sal u bykomende rente op die agterstallige gelde moet betaal teen die rentekoers soos in die kwotasie vervat.

Indien u nie enige bedrae verskuldig ingevolge die ooreenkoms op of voor die aftrekkingsdatum betaal nie, kan die kredietverskaffer regsaksie teen u instel om die ooreenkoms af te dwing en te beëindig, soos deur die wet bepaal. Dit raak nie die Kredietverskaffer se regte nie. Indien u wanbetaal, skuld u onmiddellik die saldo van die totale leningsbedrag plus wanbetalingskostes wat kragtens betrokke wetgewing geld.

Indien die Kredietverskaffer besluit om die Ooreenkoms af te dwing, geld die volgende prosedure:

Ons sal u in ’n kennisgewing kragtens NCA-artikel 129(1)(a) oor u ***wanbetaling*** inlig, wat u minstens 10 (tien) werksdae gee om een van die volgende te doen: stel die wanbetaling reg deur ’n betaling te doen; verwys hierdie Ooreenkoms na ’n skuldberader om ’n plan uit te werk en met ons ooreen te kom oor die bywerking van die betalings; of verwys hierdie Ooreenkoms na die Nasionale Kredietreguleerder vir skuldingryping indien u aan die kwalifiserende vereistes voldoen; of verwys hierdie dispuut na ’n geakkrediteerde dispuut -oplossingsagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie. Indien u om skuldhersiening aansoek gedoen het en dit is nie afgehandel binne 60 werksdae vanaf die datum waarop u om die skuldhersiening aansoek gedoen het nie, mag die Kredietverskaffer kragtens artikel 86 van die Wet ’n kennisgewing stuur wat die skuldhersiening beëindig.

Die Kredietverskaffer sal nie regstappe teen u instel nie, tensy:

- U vir minstens 20 (twintig) werksdae in wanbetaling is; en
- minstens 10 (tien) werksdae verloop het sedert aflewering van die bogenoemde wanbetalingsbrief of -kennisgewing (wat op dieselfde dag as die verstryking van die 20 (twintig) werksdae kan wees); en
- U nagelaat het om op die wanbetalingsbrief te reageer, of ons voorstel afgekeur het.

Indien die Kredietverskaffer die Ooreenkoms kragtens artikel 123 van die Wet beëindig, sal dieselfde prosedure eers gevolg word as wat hierbo uiteengesit word.

U kan enige wanbetaalde ooreenkoms herinstel deur alle verskuldigde bedrae plus wanbetalingskostes voor diebeëindiging van die ooreenkoms te betaal.

### 8. Kredietaanmeldings- en kredietdelingspraktyke

Die Kredietverskaffer mag inligting aan die kredietburo gee oor u aansoek, die Ooreenkoms en enige ongunstige (negatiewe) inligting oor u (soos laat betalings en regstappe wat teen u gedoen is om skuld in te vorder). Die Kredietverskaffer sal u minstens 20 (twintig) werksdae kennis gee voordat enige ongunstige (negatiewe) inligting oor u aangemeld word. Die kredietburo mag die inligting wat dit ontvang het, aanwend om ’n kredietprofiel en -telling te skep wat u kredietwaardigheid aandui.

U mag enige kredietburo enige tyd versoek om u kredietrekord te sien en om enige inligting te korrigeer wat die kredietburo moontlik verkeerd het (indien die Kredietverskaffer nie kan aantoon dit is korrek nie).

Die Kredietverskaffer mag u inligting by die volgende kredietburo’s aanmeld:

- **Transunion:** bel 011 214 6000 of 0861 482 482 of e-pos webmaster@transunion.co.za
- **Experian:** bel 011 799 3400 of 0861 105 665 of e-pos info@experian.co.za
- **Xpert Decision Systems:** bel 011 645 9100 of e-pos info@xds.co.za
- **Compuscan:** bel 021 888 6000

### 9. Klagtes en dispute

Indien u ’n vraag, klagte of dispuut oor hierdie Ooreenkoms het, of die plan wat aangebied word, kontak Kliëntediens wat namens die Kredietverskaffer optree asseblief eers. Hulle sal hul bes doen om u by te staan. Raadpleeg asseblief u meegaande verwelkomingsbrief vir kontakbesonderhede.

Indien hulle nie kan help nie, kan u die volgende kontak:

- **Bankombudsman:** bel 0860 800 900 of e-pos info@obssa.co.za
  Adres: 110 Oxford Road, Rosebank, Johannesburg, 2196

- **Nasionale Kredietreguleerder:** bel 0860 627 627 of e-pos info@ncr.org.za
- **Nasionale Verbruikerstribunaal:** bel 012 683 8140 of e-pos Registry@thenct.org.za
- **Ombudsman vir Langtermynversekering:** bel 021 657 5000 of e-pos info@ombud.co.za
- **Ombud vir Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (FAIS in Engels):** bel 012 470 9080 of e-pos info@faisombud.co.za of per pos aan Posbus 41, Menlyn Park ,0063
- **Inligtingsreguleerder: e-pos** POPIAComplaints@inforegulator.org.za

Kragtens afdeling 134 van die Wet mag u ’n klagte deur middel van alternatiewe dispuut-oplossing oplos. U mag ook die bank-ombud vra om u te help om ’n klagte of dispuut op te los.

## 10. Reg om by ’n skuldberader aansoek te doen

U mag by ’n skuldberader aansoek doen om kragtens artikel 86 van die Wet as iemand met te veel skuld verklaar te word. U mag aansoek doen voordat die Kredietverskaffer regstappe weens wanbetaling kragtens hierdie Ooreenkoms teen u doen. Die skuldberader sal u met u aansoek help en u sal die betrokke fooi moet betaal. Kragtens die Wet kan hy of sy u aansoek afkeur.

Indien u om skuldhersiening aansoek doen, mag u nie om enige verdere krediet aansoek doen of dit aanvaar nie totdat u aansoek afgekeur is, of u al u skuld kragtens kredietooreenkomste vereffen het soos waartoe die hof ingestem het. Dit beteken u mag nie enige geld leen, enige kredietooreenkoms sluit of enige kostes verbandhoudend met ’n kredietfasiliteit (soos ’n kredietkaart) aangaan nie.

Die Nasionale Kredietreguleerder kan kontakbesonderhede van skuldberaders in u omgewing aan u verskaf.

## 11. Sertifikaat van bedrag verskuldig

Die Kredietverskaffer kan ’n geskrewe kennisgewing uitreik wat die bedrag aantoon wat u skuld en hoe dit bereken is.

U stem in dat die Kredietverskaffer regstappe op grond van die bedrag in die kennisgewing kan doen, maar u het die reg om aan enige hof te bewys ’n spesifieke bedrag is verkeerd.

## 12. Sedering en toekenning (oordrag) van skuld

Die Kredietverskaffer mag enige van sy regte en verantwoordelikhede kragtens die Ooreenkoms oordra, met of sonder kennisgewing aan u, waaronder die reg om die bedrae in te vorder wat u verskuldig is soos in die bepalings van die debietordermandaat ooreengekom is. U moet voortgaan om u verantwoordelikhede na te kom soos dit in die Ooreenkoms uiteengesit word teenoor die persoon aan wie die regte en verantwoordelikhede oorgedra is.

## 13. Adresse en ontvangs van dokumente

U stem in dat die Kredietverskaffer regskennisgewings na die woonadres mag stuur wat u van tyd tot tyd skriftelik verskaf.

U stem in dat die Kredietverskaffer ander vorms van kommunikasie, waaronder rekeningstate, aan u mag stuur na die e-posadres wat u van tyd tot tyd verskaf. Die Kredietverskaffer kan aanvaar dat u enige kennisgewing of brief ontvang het vyf dae nadat dit gepos is, of twee dae nadat ’n e-pos aan u gestuur is. U stem in om enige kennisgewing kragtens artikel 129 per geregistreerde e-pos of geregistreerde pos by die woonadres te ontvang wat u van tyd tot tyd verskaf.

U moet die Kredietverskaffer regstreeks inlig oor enige verandering van regsnaam, adres, e-posadres, telefoonnommer of ander kontakbesonderhede. U moet bewys van enige verandering in regsnaam en/of woonadres verskaf.

## 14. Verandering van hierdie kredietooreenkoms

Die Kredietverskaffer sal hierdie Ooreenkoms slegs waar nodig kragtens die vereistes van die Wet verander en sal minstens 5 (vyf) werksdae skriftelike kennis van eneige voorgenome verandering ontvang.

## 15. Klant- en transaksiekeuring

Die Kredietverskaffer sal sy bes doen om enige strafregtelike bedrywighede stop te sit of te voorkom, insluitend geldwassery en terreurfinansiering. Om hiermee te help stem u in en bevestig dat die Kredietverskaffer:

- u identiteit, sowel as dié van enige persone wat verwant is aan u, namens u optree of by u betrokke is, aan die begin van die sakeverhouding en dan so gereeld as wat redelikerwys nodig is daarná, mag verifieer (nagaan en bevestig).

- Nie willens en wetens sake met enige persoon sal doen wat kragtens wetgewing op enige "sanksie"-lys verskyn, betrokke is by die risikobestuur daarvan of wat verbind word met enige persoon wat op sodanige sanksielys verskyn, of wat verbind word met enige beperkte lande of die staatsagentskappe van sodanige beperkte lande nie. Let daarop dat hierdie lyste gereeld bygewerk word.
- Enige transaksies, instruksies en ontvangers mag monitor en verdere inligting kan versoek/verifieer voordat volgens enige instruksie of transaksie opgetree word. Dit kan tot 'n vertraging in die uitvoering van die instruksie lei.
- Mag weier om enige instruksie of transaksie uit te voer en enige rekening bevries indien dit as nodig beskou word.

U stem in om die Kredietverskaffer te help om aan die wetgewing te voldoen deur al die inligting en dokumente te verskaf wat van tyd tot tyd redelikerwys vereis word. Indien u versuim om dit te doen of vals inligting verskaf, kan die Kredietverskaffer weier om 'n sakeverhouding met u aan te gaan, weier om 'n instruksie uit te voer of 'n instruksie te verwerk en ook sy verhouding met u beëindig.

LET ASSEBLIEF OP: Die Kredietverskaffer sal nie verantwoordelik wees teenoor u, enige persoon of kliënt vir enige verlies of skade wat u of hulle ly weens enige stappe wat in hierdie klousule genoem word, of enigiets anders wat nodig is om aan wetgewing te voldoen nie.

**16. Bepaling oor Privaatheid**

U persoonlike inligting sal deur entiteite binne die FirstRand-groep gehou word. Raadpleeg asseblief FirstRand se beleid oor privaatheid om 'n beter begrip te kry van die entiteite wat deel van die FirstRand-groep is, en hoe u persoonlike inligting hanteer word. Die beleid is deel van hierdie bepaling oor privaatheid en kan op ons webwerf gevind word.

In hierdie privaatheidsbepaling verwys "ons" na die entiteite in die FirstRand-groep, asook alle geaffilieerdes, assosiate, sessionarisse, afgevaardigdes, regsopvolgers of derde partye (gemagtigde agente en kontrakteurs) wanneer sodanige partye as verantwoordelike partye of operateurs optree ingevolge die toepaslike privaatheidswette, tensy anders vermeld. Die verwysings na terminologie wat verband hou met privaatheid in hierdie bepaling (soos "persoonlike inligting" en "verantwoordelike party") moet só gelees word dat dit enige soortgelyke terminologie insluit wat gebruik word in die jurisdiksie waarin u persoonlike inligting verwerk word.

Deur hierdie Ooreenkoms te aanvaar of enige produkte of dienste ("oplossings") te gebruik wat deur ons aangebied word, stem u in dat met die doel om:

- Kontraktuele bepalings en verpligtinge met u te sluit en af te handel;
- Wetlike verpligtinge na te kom, of
- u, ons, of derde partye se wettige belange te beskerm of na te jaag, waaronder die aanbieding van oplossings wat die beste aan u behoeftes voldoen,

U persoonlike inligting met behulp van gesentraliseerde funksies en stelsels deur entiteite regoor die FirstRand-groep verwerk mag word en vir die doeleindes aangewend mag word soos dit in ons beleid oor privaatheid uiteengesit word.

Indien dit nodig is om toestemming te bekom vir verwerking wat buite hierdie bepaling oor privaatheid val, sal ons u toestemming uitdruklik en afsonderlik vra.

Ons wil seker maak u verstaan ten volle hoe u persoonlike inligting gebruik mag word. In ons beleid oor privaatheid beskryf ons in besonderhede die doeleindes waarvoor u persoonlike inligting aangewend mag word. Ons gee ook verdere inligting oor toegang tot, korrigering van of beswaarmaking teen die verwerking van u persoonlike inligting in ons beleid oor privaatheid. Ons beveel ten sterkste aan dat u ons privaatheidskennisgewing lees, aangesien dit deel uitmaak van u ooreenkoms met ons.

Vir die doel van hierdie ooreenkoms is die verantwoordelike party die party met wie u 'n oplossing kontrakteer, asook ander entiteite in die FirstRand-groep wat in ons privaatheidskennisgewing gelys word as verantwoordelike partye. Die kontakbesonderhede van hierdie verantwoordelike partye is te vinde in ons privaatheidskennisgewing.

## 17. Ander erkennings en bevestigings

U bevestig die volgende:

- U het die Kwotasie, verklaring van voorafooreenkoms en Algemene Bepalings en voorwaardes deurgegaan en u verstaan en begryp die kostes van krediet, risiko's, regte en verpligtinge wat vir die Ooreenkoms geld;
- U ooreenkoms is onderhewig daaraan dat die kredietverskaffer all vereiste dokumentasie van u ontvang en dat hierdie inligting korrek is, in gebreke waarvan die ooreenkoms nie sal bestaan nie en geen van die partye enige aanspraak op die ander sal hê nie;
- Die Kredietverskaffer kan die Ooreenkoms enige tyd kanselleer voordat die Leningsbedrag uitbetaal is indien enigiets bekend word wat dit dalk moeiliker vir u sal maak om die lening terug te betaal, of dit blyk die inligting wat verskaf is, is nie waar of korrek nie.
- Die Kredietverskaffer mag u in ooreenstemming met toepaslike wetgewing enige dag van die week kontak oor enige bedrag wat u nie kragtens die Ooreenkoms betaal het nie, en
- Enige betaling wat u of 'n ander maak, sal 'n erkenning van aanspreeklikheid vir die volle verskuldigde saldo wees.
- Hierdie lening word nie deur die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste 37 van 2022 ("die Wet") gereguleer nie, en bied gevolglik nie dieselfde beskerming wat van toepassing kan wees op die voorsiening van finansiële produkte of dienste wat deur hierdie Wet gereguleer word nie.

## 18. Toegeeflikheid

Waar ons toegeeflik is en meer tyd aan u toestaan om u verpligtinge na te kom, of besluit om nie 'n reg uit te oefen nie, verander dit nie die kredietooreenkoms nie (dit is nie 'n kwytskelding van ons regte nie). Ons kan te eniger tyd aandring op die streng toepassing van al ons regte. Die ontvangs en aanvaarding van gedeeltelike betalings beteken nie dat ons ons regte in hierdie kredietooreenkoms of ingevolge die wet laat vaar het nie.